Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

YHVH SE VOEDSELVOORSKRIFTE

LES 7: PETRUS SE VERRUKKING VAN SINNE

INLEIDING

1. In Les 5 en 6 van hierdie studie het ons geleer van die twee tipes onreinheid wat in die Skrifte gevind word, naamlik:

   - Inherente (ge-erfde) onreinheid wat permanente onreinheid is soos die van die onrein diere wat in Levitikus 11 en in Deuteronomium 14 gelys word en van onrein geeste (Matt. 12:43; Mark. 1:23 en 26).

   - Verkrygde ("tydelike" of seremoniële) onreinheid. Dit is onreinheid wat deur bepaalde handeling ontstaan, maar wat deur gepaste handeling weer na reinheid verander kan word. As wedergebore en geregverdigde kind van YHVH moet ons voorsorg tref om nie deur ons denke, woorde en dade onrein te word nie.

2. In die vorige les (Les 6) het ons ook geleer dat Petrus hierdie onderskeid tussen rein en onrein, asook tussen die twee tipes onreinheid, verstaan en gemaak het (Hand. 10:14).

3. As gelowiges in Yeshua Messias moet ons 'n lewe van heiligmaking leef, naamlik 'n lewe as die uitgeroepenes (as 'n uitverkore geslag en afgesonderde volk – 1 Pet. 2:10) van Vader-God. Daarom moet ons kan onderskei tussen die rein en die onrein en niks aanraak (doen) wat ons status na onrein sal verander nie. Ons kleed van geregtigheid moet vlekkeloos wees!

4. Die Apostels kon weens hulle Torah onderrig wat hulle van kleintyd af ontvang het, hierdie onderskeid tussen heilig en onheilig, rein en onrein, en reg en verkeerd maak. Dit was die basis van hulle leefwyse as die navolgers van Yeshua Messias.

5. Volgens Joodse beskouing was die nie-Jood ook onrein en daarom het Jode nooit met heidene (nie-Jode) gemeng nie (Joh. 4:9; Hand. 10:28).

In die lig hiervan moet die visioen (verrukking van sinne) wat Petrus beleef het, verklaar word. Ons lees in Hand. 10:9 tot 14 die volgende:

En die volgende dag, terwyl hulle op pad was en naby die stad kom, het Petrus omtrent die sesde uur op die dak geklim om te bid; en hy het baie honger geword en wou eet; en terwyl hulle besig was om klaar te maak, het daar 'n verrukking van sinne oor hom gekom: hy sien die hemel geopend en 'n voorwerp soos 'n groot laken na hom afdaal, wat aan die vier hoeke vasgebind is en op die aarde neergelaat word. Daarin was al die viervoetige diere van die aarde en die wilde en kruipende diere en die voëls van die hemel. Toe kom daar 'n stem na hom: Staan op, Petrus, slag en eet! En Petrus sê: Nooit nie, Meester, want ek het nooit iets onheiligs of onreins geëet nie.

BETEKENIS VAN PETRUS SE VERRUKKING VAN SINNE

1. Talle gelowiges gebruik die gebeure wat in Handelige 10 beskryf word as bewys dat YHVH se voedselvoorskrifte opgehef is. Die vraag wat egter beantwoord moet word, is of hierdie gebeure handel oor voedsel of mense? Is hierdie verrukking van sinne 'n les in wat geëet mag word of 'n afbeelding van 'n geestelike waarheid ten opsigte van mense?

2. Die siening dat Petrus se verrukking van sinne bevestiging is dat die mens alles mag eet soos hy wil, is omrede sekere verse uit Handelinge 10 selektief gebruik word. Alleenlik wanneer die hele hoofstuk in konteks gelees word, word die ware betekenis duidelik.

3. Petrus het hierdie visioen drie keer beleef en selfs na die derde keer steeds gewonder wat dit beteken (Hand. 10:17). Petrus se eerste reaksie was wel dat dit oor voedsel gaan en daarom sy woorde: *Nooit nie, Meester, want ek het nooit iets onheiligs of onreins geëet nie.* Dit is volgens verse 17 tot 19 duidelik dat Petrus nagedink het oor die betekenis van hierdie visioen. Eers later het Petrus die betekenis verstaan soos blyk uit sy woorde toe hy die familie en vriende van Cornelius toegespreek het:

...en hy sê vir hulle: Julle weet dat dit ongeoorloof is vir 'n Joodse man om met iemand van 'n ander volk omgang te hê of hom te besoek; maar God het my getoon dat ek geen mens onheilig of onrein mag noem nie. Hand 10:28.

4. Die verrukking van sinne (visioen) wat Petrus beleef het, het duidelik niks met wat geëet mag word te doen nie, maar met mense. Deur die Gees van YHVH is 'n geestelike waarheid aan Petrus openbaar gemaak, naamlik dat geen mens onheilig (*koinos*) of onrein (*akathartos*) is nie. In Yeshua Messias is daar dus geen onderskeid tussen Jood en nie-Jood nie, maar almal is een – deel van een liggaam. Daarom het Petrus dan ook die eerste nie-Jode gedoop (Hand. 10:45 tot 48).

5. Die verdere bevestiging dat Petrus die visioen reg verstaan het, is die feit dat hierdie nie-Jode ook, soos die Apostels op Pinksterdag, die gawe van die Afgesonderde Gees ontvang het en in tale gespreek het (Hand. 10:45 en 46).

6. Petrus het hierdie verrukking van sinne sowat 8 tot 10 jaar na Yeshua Messias se kruisiging, opstanding en hemelvaart gehad. In hierdie tydperk het Petrus *nooit iets onheiligs of onreins geëet nie* (Hand. 10:14). Dit is dan ook bevestiging dat Petrus, soos die ander Apostels, steeds aan YHVH se voedselvoorskrifte gehoorsaam was. Hulle was geensins van mening dat YHVH se voedselvoorskrifte deur die kruisdood van Yeshua opgehef was nie. Ons lees ook nêrens dat Petrus sy eetgewoontes na hierdie visioen gewysig het nie.

VERTROUE IN VADER-GOD

1. Diegene wat redeneer dat hulle vry van die wet (Torah) is, sê in werklikheid dat daar geen beperkinge deur YHVH op hulle geplaas word nie. Dit kan tog nie waar wees nie. Ons mag nie steel nie, nie moor nie, nie onsedelik lewe nie en nog vele ander voorskrifte (wette). YHVH se verhouding met die mens het nog altyd sekere voorskrifte (beperkinge) bevat en dit is steeds so en sal vir ewig so wees. So was daar van die begin af beperkinge op dit wat die mens mag eet.

   En die YHVH God het aan die mens bevel gegee en gesê: Van al die bome van die tuin mag jy vry eet, maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe. Gen.2:16 en 17

2. Ongehoorsaamheid aan hierdie opdrag was die eerste sonde wat uiteindelik tot die mens se uitsetting uit die tuin van Eden gelei het. Sedertdien was dit wat die mens mag eet en nie mag eet nie altyd deel van die verhouding wat die mens met sy Skepper het. Ons sien dit in die lewe van Noag (Gen. 9:3 en 4) en in die wet van Moses (Torah).

3. Die vraag deur al die eeue is steeds of die mens YHVH sodanig vertrou om te glo dat Hy wat die mens geskape het ook weet wat die beste vir die mens is om te eet. Luister ons vir YHVH ons Skepper en Vader of luister ons vir die begeertes van ons vlees? Die slang vra steeds: *Het God regtig gesê dat die mens nie mag eet.*..... Steeds twyfel die mens en volg steeds sy eie vlees.

4. Om te eet wat ons sensoriese sintuie bevredig ongeag wat ons Vader-God sê, is om Hom te verraai as die bron van ons lewe en ons welsyn. Dan maak ons, ons sintuie die god in ons lewe. Dit is nie die pad van afgesonderde gemeenskap ('fellowship') met Vader nie en ook nie die

wyse om Yeshua ons Messias te vereer as die een wat ons ook van ons vleeslike begeertes verlos het.

5. Om Vader-God ten volle te vertrou is om te glo dat Hy weet wat die beste vir ons is. Om Hom lief te hê is om met vreugde, en na die beste van ons vermoë en met die hulp van die Afgesonderde Gees, aan al Sy voorskrifte gehoorsaam te wees. Dit is die sekerheid om te weet dat al YHVH se onderrig en instruksies vir ons welsyn is.

BEPEINS OF BESPREEK DIE VOLGENDE

1. Ons weet dat YHVH ook ons Geneesheer is (Ps. 103:3). As Geneesheer het Hy ook vir ons 'n spesiale dieet voorgeskryf wat ons fisies en geestelik gesond sal hou. Hierdie voedselvoorskrifte se doel is vir ons welsyn en om ons as YHVH se uitverkore volk te identifiseer. Soos 'n bruidegom onderneem Hy om vir Sy bruid te sorg.

   The Holy One has designed a special diet for His Bride – a diet which will not only nurture her physically and spiritually the way only He who created her knows how, but will set her apart from all the people of the world as uniquely His (Bill Bullock).

2. Sal Yeshua met Sy wederkoms gebraaide varkboud of ham of kalamari of volstruisnek bredie eet? Indien Hy dit nooit voor Sy kruisdood geëet het nie, gaan Hy dit met sy wederkoms eet omrede Hy Homself ook van die Torah (wet) van Sy Vader vrygemaak het?

Shalom tot volgende keer.
Johan Kriel

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.